

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Port Elizabeth-Noord

Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle

[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- Kerkraad
 Wyke
 Kleingroepe
 Lidmate: byeenkoms
 Lidmate: individueel

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- Ja
 Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Mening oor die voorstel?

Wat die Konfessionele Basis vir kerkhereniging betref verheug die NG Gemeente Port Elizabeth-Noord hom oor die feit dat die belydenis van Belhar nie as 'n voorwaarde vir hereniging gestel word nie. Ons is dankbaar vir die ruimte wat blyk gegee te word aan hulle wat dit wel as belydenisskrif wil aanvaar sonder om ander te dwing om dit te onderteken. Ons respekteer die waarde wat Belhar as 'n belydenis vir die VGKSA het.

Sonder om die proses verdag te maak, is ons egter bekommerd oor die wyse waarop Belhar in die toekoms as belydenisskrif in die kerk hanteer gaan word. Die indruk word geskep dat die Nuwe Kerkverband nie plaaslike gemeentes sal dwing om Belhar te aanvaar nie, selfs al is dit deur die proses soos in Punt 2 verduidelik. Maar wat verhoed die Nuwe Sinodale struktuur om wel Belhar oor tyd as belydenisskrif af te dwing?

Verder is ons as gemeente bekommerd oor die opregte erns wat met hierdie eenheid gepaardgaan. Ons verstaan dat die Kerk in die toekoms Belhar as een van die Kerk se belydenisskrifte gaan aanvaar en dat gemeentes self kan besluit of hulle dit wil onderskryf, al dan nie. Sou 'n gemeente dit egter nie aanvaar nie, wat sê dit dan van die gemeente en hoe beïnvloed dit die totale beeld van en strewe na kerkhereniging? Ons is dankbaar vir die ruimte wat aan gemeentes toegelaat word, maar voel dat dit die hele herenigingsproses kan benadeel.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Ons sou graag wou sien dat daar meer oor die Kerk se Konfessionele Basis gesê word nadat die herenigingsproses voltooi is. Sal gemeentes altyd te ruimte hê om Belhar slegs te aanvaar as hulle daarvoor gereed is, of sal die gemeente op die een of ander stadium wel gedwing word om dit as 'n amptelike belydenis te aanvaar.

C. Die Model

Mening oor die voorstel?

As gemeente aanvaar ons die Bybelse opdrag van eenheid en besef dat die Kerk goed sal doen om 'n model daar te kan stel wat aan hierdie eenheid gestalte gee. Met dit as vertrekpunt is ons dankbaar dat die plaaslike gemeente se status as regs persoon eerbiedig word en dat die gemeente self verantwoordelik is vir besluite en bedieninge. Tog kry ons egter die gevoel dat, alhoewel ons self verantwoordelik vir ons besluite en bedieninge sal wees en dat die nuwe Sinodale struktuur sê dat hulle niemand in 'n nuwe struktuur sal forseer nie, die plaaslike gemeente gestoomroller gaan word om by die nuwe model in te skakel. Nêrens word die versekering gegee dat gemeentes wel deel kan wees van die eenheid al sou hulle nie deel wees van die voorgestelde model nie.

Ook is ons onseker hoe die nuwe Sinodale struktuur leerstellige sake gaan hanteer wat deur 'n meerderheid van die nuwe kerkverband gehuldig word, maar dalk strydig met die gereformeerde leer is. Sal demokratiese beginsels waar die meerderheid stem geld, gebruik word om die kerk se standpunt oor 'n bepaalde saak te bepaal, of sal die Woord en die Belydenisskrifte as finale gesag geld?

Verder is dit vir ons baie jammer dat daar so min inligting oor die sogenaamde "assosiasie-lidmaatskap" in die stukke deurgegee word. Ons is van mening dat ons gemeente dalk langs hierdie weg deel van die kerkherenigingsproses kan word. U noem dit as moontlike opsie, maar erken self dat daar nog navorsing in die verband gedoen moet word. Ook sê u dat daar ruimte vir assosiaat-lidmaatskap behoort te wees, maar meld dan dat die saak nog bespreek moet word. Is assosiaat-lidmaatskap 'n wortel voor ons neuse? Alvorens ons werklik oor die voorgestelde model kommentaar kan lewer, sal ons graag eers wil weet wat u presies met assosiaat-lidmaatskap bedoel en hoe dit geïmplementeer gaan word.

Laastens kan ons nie anders as om ietwat skepties teenoor die voorgestelde model te staan nie. U sê wel dat die proses nie afgeforseer sal word nie, maar kan ons dit glo? Is die kerk nie dalk besig om 'n Bybelse waarheid in 'n politieke model te probeer forseer nie? Probeer ons nie dalk om politiek meer korrek te wees deur 'n model en struktuur te hê wat wys dat ons een is nie, terwyl dit nog lank nie in die lidmate van al vier die kerke se harte lewe nie? Is ons dalk hier met 'n proses besig waar die leiers van die onderskeie kerke 'n agenda dryf, eerder as waar gemeentes die ruimte gegun word om in hereniging in te groei?

D. Gesamentlike projekte

Mening oor die voorstel?

Dit maak sin dat een van die vrugte van kerkhereniging gesamentlike projekte sal wees. Ons verstaan dat dit van "bo" en "onder" gedryf moet word, maar is bekommerd dat plaaslike gemeentes ryp gedruk kan word, veral gesien in die lig dat 'n sentrale kantoor/sekretariaat die hele proses kan administreer, befonds en begelei.

Verder verstaan ons die belangrike rol wat nuwe loodsgemeentes kan speel as rolmodel vir 'n versoenende geloofsgemeenskap. Ons is egter bekommerd dat dit juis onnodige druk op plaaslike gemeentes sal plaas om aan die model te konformeer ten koste van hulle eie konteks. Plaas ons nie dalk in die proses druk op plaaslike gemeentes om te streef na eenheid, soos die Kerk dit wil hê, eerder as waarvoor die plaaslike gemeente gereed is? Dit het die potensiaal om tot kerkskeuring te lei.

Die gedagte aan nuwe gesamentlike liturgiese materiaal blyk ook vir ons 'n bron van kommer te wees. Reg oor die land is daar baie NG Gemeentes wat op finansiële gebied sukkel, om nie eers van gemeentes uit die ander drie kerke te praat nie. Om nuwe gesamentlike liturgiese materiaal aan te skaf sal in die meeste gevalle duur wees en daar sal beslis gemeentes wees wat dit nie kan bekostig nie. Ons besef dat daar beplan word om 'n spesiale trustfonds te skep om die hele proses te befonds. Tog is ons onseker of gemeentes wat graag deel wil wees van die proses, maar wie dit nie kan bekostig nie, ook hierby sal baat.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Ons sou graag wou sien dat hulpbehoewende gemeentes die versekering sal kry dat, indien hulle graag deel wil wees van die proses, finansies nie die rede sal wees waarom hulle nie ook deel kan neem aan gesamentlike projekte nie.

E. Versoeningsprosesse

Geen kommentaar.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Vanuit 'n historiese hoek beskou, wil ons graag sien dat die naam van die Nuwe Kerkverband steeds ons gereformeerde agtergrond respekteer. Ons besef egter dat ons ook voor 'n nuwe tydvak in die Kerk se geskiedenis staan en sou graag iets hiervan in die naam wou sien. Daarom stel ons graag die volgende naam voor: Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NGKSA).

NG Kerk	1,150,00
VGK	900,000
NGKA	75,000
RCA	3,000